MULDERSDRIF
DOEN DIT NOU
Sedert 1909

# PLIGSGETROUHEID

[redacted]

# DIE WAARDE VAN PLIGSGETROUHEID!



# OPENBARING 2:7

**"Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is."**

Vir die Here is 'n goeie begin nie belangrik nie;
vir die Here is dit belangrik hoe jy eindig.

Hy is opsoek na manne, vroue, seuns en dogters
met pligsgetrouheid; hulle wat oorwin en
verslaan.

Daar was eenkeer 'n wonderlike artikel wat gegaan het oor mense wat geskiedenis gemaak het.

**Walt Disney was ontslaan by die koerant waar hy gewerk het omdat hy nie genoeg verbeelding en goeie idees gehad het nie.**

Soichiro Honda het nie die pos by Toyota gekry waarvoor hy aansoek gedoen het nie, wat hom toe sonder werk gelaat het – totdat hy bromponies in sy garage begin maak het en uiteindelik die Honda-maatskappy gestig het.

**Daar is baie sulke voorbeelde.**

**Ons almal het al iewers misluk. Die verskil tussen of jy 'n wenner of verloorder is, is hoe jy daardie mislukking hanteer.**

# Galasiërs 6:9

*"Moet dus nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie tou opgooi nie, sal ons op die regte tyd oes."*

**MOENIE JOU SELFVERTROUE, RESPEK EN PLIGSGETROUHEID VERLOOR NIE.**



**PLIGSGETROUHEID EN DEURSETTINGSVERMOË LOOP HAND AAN HAND.**

Niks in die wêreld is belangriker as pligsgetrouheid en deursettingsvermoë nie.

Nie talent nie, nie slim mense nie, nie hoe mooi of hoe vinnig jy is nie, nie na watter skool jy gegaan het nie,

MAAR

VASBERADENHEID en PLIGSGETROUHEID wat bly staan.

WEES VASBERADE, HÊ PLIGSGETROUHEID NIE NET VIR JOUSELF NIE MAAR HEEL EERSTE VIR JESUS, WANT HY SAL JOU NOOIT VERLAAT OF IN DIE STEEK LAAT NIE.

# SKAKEL:

https://youtu.be/4z7gDsSKUmU

